**Die Here Jesus het waarlik opgestaan (OP255)**

**Joh 20:1-18**

**19 April 2026**

Laasweek het ons besin oor die waarheid dat die Here Jesus waarlik gesterf het. Ons het gesien Hy was in beheer van Sy sterwe – Hy het die volmag van Sy Vader gehad om te mag sterf wanneer Sy verlossingswerk aan die kruis voltooi was. Kort na Hy verklaar het: "Dit is volbring!", het Hy Sy Gees aan Sy Vader oorgegee, terwyl Sy liggaam aan die kruis bly hang het. Die soldate was ook oortuig die Here Jesus het werklik gesterf, en daarom het hulle nie Sy bene gebreek soos die ander gekruisigdes s'n nie. Sodat almal seker kon wees Hy het reeds gesterf, het een van hulle 'n spies in die Here Jesus se sy gesteek – en daar het bloed en water uit die wond gevloei, wat heengewys het daarna dat Hy met Sy sterwe geregtigheid bewerk het, afgebeeld deur die bloed uit Sy sy, en dat Hy ook aan gelowiges heiligheid sal gee deur die werk van die Heilige Gees wat Hy later sou stuur, afgebeeld deur die water uit Sy sy. Boonop was Johannes self ooggetuie hiervan, en boonop het verskeie Skrifuitsprake ook in vervulling gegaan met die Here Jesus se sterwe – ons kan seker wees die Here Jesus het waarlik gesterf. Na Sy sterwe is Hy begrawe deur Josef van Arimatea en Nikodemus – Sy begrafnis het herinner aan die begrafnis van 'n koning: Sy liggaam is ryklik behandel met speserye, en Hy is in 'n nuwe graf begrawe. Ons het ook daarop gelet dat Johannes wou seker maak ons verstaan dat Sy liggaam juis op die sabbatdag in die graf was. Soos wat die Here God op die sabbatdag gerus het na Hy Sy skeppingswerk voltooi het, net so het die Here Jesus op die sabbatdag gerus na Hy Sy verlossingswerk aan die kruis voltooi het.

Vandag wil ek stilstaan by die waarheid dat die Here Jesus waarlik opgestaan het. Kom ons werk eers deur die gebeure wat in Joh 20:1-18 beskryf word.

Lees Joh 20:1. Ons lees dat die gebeure plaasgevind het vroeg die oggend van die eerste dag van die week. Dit was m.a.w. vroeg die Sondagoggend. Die gebeure begin afspeel toe dit nog donker was. Maria Magdalena het vroeg op daardie Sondagoggend, die eerste dag van die week, na die graf gegaan. In Joh 19:25 het ons ook al van Maria Magdalena gelees – daar het ons gesien dat sy die vorige Vrydag aan die voet van die kruis was. Alhoewel ons in die ander evangelies lees dat daar meer vroue was wat op die Sondagoggend na die graf gegaan het, laat val Johannes die fokus nou op Maria Magdalena. Haar doel met die besoek aan die graf was om die Here Jesus se liggaam verder te behandel. Die verstommende was dat toe sy by die graf gekom het, was die klip reeds verwyder van die graf.

Lees vers 2. Maria se gevolgtrekking was dat iemand die Here Jesus se liggaam uit die graf verwyder het, en iewers anders heen geneem het. Maar sy weet eenvoudig nie waar dit is nie. Sy hardloop toe na Simon Petrus en Johannes toe – Johannes is die dissipel vir wie die Here Jesus liefgehad het. Sy het waarskynlik na hulle onderskeie woonplekke gehardloop.

Lees vers 3-4. Petrus en Johannes is ook verbaas as hulle hoor wat Maria aan hulle vertel. En die gevolg is hulle hardloop ook – hulle hardloop na die graf toe. Om een of ander rede, ons weet eenvoudig nie hoekom nie, hardloop Johannes vinniger as Petrus, en kom dus eerste by die graf aan. Lees vers 5. Toe Johannes by die graf kom, gaan hy nie in die graf in nie – hy buk net vooroor en kyk in die graf in – en hy sien die linnedoeke lê waarmee die Here Jesus se liggaam toegedraai was. Lees verse 6-7. Bietjie later kom Petrus ook by die graf aan, en getrou aan sy aard, gaan hy direk in die graf in. En wat hy sien is verstommend: Hy sien die linnedoeke, maar nie die liggaam van die Here Jesus nie. Boonop sien hy dat die doek waarmee die kop van die Here Jesus toegemaak was, eenkant lê – netjies opgerol. Nou, daar is verskillende opinies oor wat presies Petrus gesien het: Sommiges

reken die linnedoeke het steeds die vorm van die liggaam gehad, moontlik selfs die kopdoek - maar die kopdoek was apart van die ander doeke. Ander reken die linnedoeke het nie noodwendig steeds die vorm van die Here Jesus se liggaam gehad nie – die doeke het net daar gelê, met die kopdoek eenkant, netjies opgerol. Hoe dit ook al sy: Die punt is: die liggaam van die Here Jesus was nie meer daar nie. Maar die linnedoeke was steeds daar – dit was dus onwaarskynlik dat die liggaam van die Here Jesus gesteel was – hoekom sou die rowers dan nie ook die linnedoeke saamgeneem het nie? In elk geval, dit is onwaarskynlik dat rowers die kopdoek sou afgehaal het, dit netjies sou opgerol het en eenkant neergesit het.

Lees vers 8. En toe gaan Johannes ook in. En hy sien dieselfde. En, sê vers 8, Johannes het gesien en geglo. Hy het gesien die Here Jesus se liggaam is nie meer daar nie. Hy het gesien die liggaam is nie gesteel nie. En toe verstaan Johannes wat dit beteken: die Here Jesus het opgestaan! Johannes moes sekerlik teruggedink het aan die opwekking van Lasarus uit die dood – maar daar het Lasarus uit die graf gekom met die linnedoeke nog om sy voete en hande, en selfs nog om sy kop (Joh 11:44). Maar Lasarus het opgestaan omdat die Here Jesus hom opgewek het. Hier is iets anders: Die Here Jesus het die volmag van Sy Vader gehad om Sy lewe af te lê, en om dit weer op te neem. Die linnedoeke wys dat Hy rustig opgestaan het, Hy kon die doeke rustig afhaal, selfs die kopdoek rustig opvou, en netjies neerlê. Sy liggaam is nie gesteel nie. Sy liggaam is nie deur iemand weggedra nie en iewers anders neergelê nie, nee, Hy het uit die dood opgestaan. Dit is wat Johannes geglo het.

Lees vers 9-10. Wel, Johannes het geglo dat die Here Jesus opgestaan het. Waarskynlik het hy die lering van die Here Jesus juis hieroor onthou, en al kon hy nie vroeër glo dat die Here Jesus sou sterf en daarna opstaan nie, noudat hy die feite sien, glo hy dit. Dit beteken egter nie Johannes het eensklaps al die Skrifuitsprake verstaan wat hierheen verwys het nie. Dit sou die dissipels 'n wyle neem om dit alles te begryp, en die Heilige Gees moes eers kom om hulle te lei in hierdie ontdekking van die inhoud van die Ou Testament. Maar Johannes het geglo die Here Jesus het opgestaan. En toe gaan Petrus en Johannes huis toe.

Lees vers 11-12. Nou keer die fokus weer terug na Maria Magdalena. Dit lyk nie of Petrus en Johannes met haar gepraat het na hulle by die graf was nie. Moontlik het Maria eers later na die graf teruggekeer na sy vir Petrus en Johannes gaan vertel het dat die Here Jesus se liggaam nie meer in die graf was nie. Moontlik was Petrus en Johannes toe alreeds weer weg huis toe. Huilende het Maria vooroor gebuk om in die graf te kan inkyk. En toe sien sy twee engele met wit klere aan – wat natuurlik op hulle heiligheid dui. Een engel het aan die koppenent en die ander engel by die voetenent gesit. Lees vers 13. In die vraag van die engele is daar 'n ligte beskuldiging: "Vrou, waarom huil jy?" Immers, as Maria verstaan het wat gebeur het, sou sy nie gehuil het nie, sy sou bly gewees het. Maar haar gebrek aan begrip het tot gevolg dat sy huil. Sy dink steeds die liggaam van die Here Jesus is deur iemand weggevat, en nou weet sy nie waar Hy is nie.

Lees verse 14-15. Toe draai Maria om, weg van die graf af. En daar staan Iemand. Sy het nie geweet wie dit was nie – sy het vermoed dit moet die tuinier wees – immers was die graf in 'n tuin. Sy redeneer by haarself, wel, as die man die tuinier is, miskien het Hy die Here Jesus iewers anders geneem, en daarom wil sy graag van Hom weet waar die liggaam dan nou wel is. Die Persoon wat daar gestaan het, was egter die Here Jesus self. Dit is opvallend dat sy Hom nie erken het nie. Dit is opvallend hoe dikwels dit sou gebeur oor die loop van die periode tot met die Here Jesus se wederkoms, dat mense Hom gesien het, maar nie direk verstaan het dit is die Here Jesus nie. Dit het nou met Maria Magdalena gebeur. Ons weet dit sou later die dag ook gebeur met die Emmausgangers. Dit sou ook later by die see van Tiberias gebeur toe die dissipels gaan visvang het. En tog het al hierdie mense wel eventueel die Here Jesus erken. Daar moes dus ooreenkoms tussen Sy opgestane liggaam en Sy liggaam voor die kruis gewees het – almal het Hom uiteindelik erken.

Trouens, in die Here Jesus se verskyning aan Thomas het die Here Jesus juis verwys na die wonde aan Sy hande en sy – daar was dus ooreenkoms. Maar tog was daar ook iets was anders was, wat veroorsaak het dat soveel mense Hom nie direk erken het nie. Daar was ook nog iets opvallend: Die Here Jesus kon na Sy opstanding met Sy fisiese liggaam deur 'n geslote deur beweeg. Ons weet eenvoudig nie hoe ons dit presies moet verstaan nie. Die beste aanduiding wat ons het is 1 Kor 15 se beskrywing van ons toekomstige opstandingsliggame: 1 Kor 15:42-44 beskryf dat ons tans 'n menslike natuurlike liggaam het wat verganklik is, wat in oneer sterf en wat swak is. Maar ons opstandingsliggaam, daarenteen, sal 'n geestelike liggaam wees, wat onverganklik is, heerlik en vol krag. Miskien verklaar dit hoekom Maria en ander mense die Here Jesus nie direk erken het nie – miskien is daar iets wat anders is aan Sy opstandingsliggaam sodat hulle Hom nie direk erken het nie. Maar, eventueel, het hulle Hom erken.

Die Here Jesus het ook aan Maria gevra: "Vrou, waarom huil jy? Wie soek jy?"

Lees vers 16. Die Here Jesus hoef net een woord te sê: "Maria!" Ons kan ons net indink met hoeveel liefde en deernis Hy haar aangespreek het, op dieselfde manier as wat Hy haar soveel keer in die vorige paar jaar aangespreek het. En dan snap Maria wie Hy is, en sy sê: "Rabboeni!" – die Hebreeus vir leermeester. Geliefdes, onthou jy Joh 10:2-3: "Maar hy wat by die hek ingaan, is 'n herder van die skape; vir hom maak die hekwagter oop, en die skape luister na sy stem. Hy roep sy eie skape op hulle naam en lei hulle uit." Dit is wat ons hier sien: Die Here Jesus is die Goeie Herder. Hy ken Sy skape, in hierdie geval ken Hy Maria. Hy ken en roep haar op haar naam: "Maria!" Sy, op haar beurt, ken ook Sy stem, en sy luister na Sy stem – "Rabboeni!" Nou het Maria Magdalena ook begryp: Die Here Jesus het waarlik opgestaan!

Ons kan ons indink dat Maria waarskynlik op die grond voor die Here Jesus neergeval het, en Hom vasgehou het. Moontlik was Maria selfs onder die indruk al die swaar van die afgelope paar dae is uiteindelik verby – nou kan alles weer na normaal terugkeer soos voor die gebeure van die vorige week. Lees vers 17. Maar die Here Jesus sê sy moet Hom nie langer vashou nie. Die probleem was nie soseer dat sy fisiese kontak met die Here Jesus gemaak het nie – immers later sou die Here Jesus juis vir Thomas uitnooi om sy vinger in die wonde in Sy hande en sy hand in die wond in Sy sy te druk – fisiese kontak was nie die probleem nie. Wat die Here Jesus eerder aan Maria wou uitwys, is dat Sy opstanding nie beteken dat alles weer gaan wees soos voor laas Vrydag nie. Nee, 'n nuwe era het aangebreek. Ja, Hy het nog nie opgevaar na Sy Vader nie, maar dit is die volgende groot stap wat moet gebeur in die verlossingsplan van Sy Vader. Dit gaan binnekort gebeur. Sy moet Hom nie probeer vashou en terughou nie. Nee, daar is nog groter vreugde wat wag, en om hierdie groter vreugde te bewerk moet Hy binnekort opvaar na Sy Vader toe. I.p.v. om die Here Jesus vas te hou, moet sy eerder na die Here Jesus se broers gaan – let op, die Here Jesus verwys nou na die dissipels as Sy broers – en sy moet vir hulle gaan vertel die Here Jesus vaar op na Sy Vader, wat ook hulle Vader is, en na Sy God, wat ook hulle God is. Let op hoe intiem die Here Jesus nou met die dissipels is: Hy noem hulle Sy broers. Sy Vader is ook hulle Vader – ja, daar is 'n verskil: Hy is van nature die Seun van die Vader, terwyl hulle aangenome seuns is – maar hulle het dieselfde Vader. En boonop is Sy God ook hulle God – ja, daar is 'n verskil: Hy is self van nature God, en deel van die Drie-Enige God, terwyl hulle Sy en die Here God se skepsels is.

Lees vers 18. Maria Magdalena het gedoen wat die Here Jesus van haar gevra het.

<u>Wat wil Johannes kommunikeer deur sy vertelling van die Here Jesus se opstanding?</u>

Ons net nou besin oor wat gebeur het op daardie Sondagoggend. Ons het al vroeër opgemerk dat Johannes die detail wat hy in Sy beskrywing van die Here Jesus se lyding in Sy evangelie ingesluit het,

sorgvuldig gekies het, sodat hy daarmee 'n spesifieke doel kan bereik. Die vraag is: Wat is dit wat Johannes aan ons wil kommunikeer?

Ek wil graag drie punte uitlig waarvan ons kennis moet neem:

- **Die Here Jesus het waarlik opgestaan!** Die eerste punt wat Johannes wil hê ons as sy lesers goed moet begryp, is: Die Here Jesus het waarlik opgestaan! Laasweek het ons opgelet Johannes wil hê ons moet goed begryp die Here Jesus het waarlik gesterf. As die Here Jesus nie waarlik gesterf het nie, dan kon Hy ook nie waarlik opgestaan het nie. Maar as die Here Jesus net waarlik gesterf het, en nie ook waarlik opgestaan het nie, dan was daar ook steeds geen waarlike verlossing nie, dan het Hy ook nie die water van die lewe geword wat in ons opborrel tot die ewige lewe nie. Paulus is hieroor baie duidelik in 1 Kor 15:14: "En as Christus nie opgewek is nie, is ons verkondiging sinloos, en ook julle geloof sinloos." Geliefdes, ons moet goed begryp wat Paulus sê: As die Here Jesus nie werklik opgestaan het uit die dood nie – dan is ons geloof sinloos. Ons geloof is tog in die Here Jesus – dat Hy ons verlos. As Hy nie die dood oorwin het nie, en siende dat die dood die gevolg van ons sonde is, is ons steeds dood in ons sonde as die Here Jesus nie opgestaan het nie. Dan help geloof in die Here Jesus niks. Máár: ons kan seker wees die Here Jesus het opgestaan uit die dood! Kyk maar net wat Johannes vir ons beskryf: Maria Magdalena, Petrus en Johannes het gesien Sy liggaam is nie meer in die graf nie, terwyl die linnedoeke steeds daar was – die kopdoek netjies opgerol. Johannes het dit self gesien, en geglo, en hy wil hê ons moet ook glo. Ander evangelies beskryf Petrus het dit gesien, en was in verwondering. Maria Magdalena het die Here Jesus later persoonlik ontmoet – Hy het met haar gepraat soos voor Sy sterwe – sy was oortuig Hy het opgestaan. Later beskryf Johannes in sy evangelie hoe die Here Jesus aan al die dissipels verskyn het, hy vertel selfs van Thomas wat aanvanklik skepties was, maar ook oortuig geword het. Hy vertel ook van die Here Jesus se verskyning aan die dissipels by die see van Tiberias. Johannes was oortuig die Here Jesus het waarlik opgestaan, en hy wil dat ons ook oortuig sal wees. Uit die res van die Nuwe Testament leer ons boonop ook nog van die verskyning van die Here Jesus aan die Emmausgangers. Paulus skryf in 1 Kor 15 dat die Here Jesus op 'n stadium aan 500 persone tegelyk verskyn het, en ook dat die Here Jesus aan al die apostels verskyn het, en selfs ook aan hom persoonlik op die pad na Damaskus. Voeg hierby dat geen teenstander van die Here Jesus nog ooit Sy liggaam na vore gebring het om te bewys Hy is steeds dood nie. Geliefdes, die Here Jesus het inderdaad waarlik opgestaan!
- **Die fokus op Maria Magdalena:** Dit is opvallend dat al vier evangelies in hulle beskrywing van die opstanding van die Here Jesus na Maria Magdalena verwys. Mark Johnston maak in sy kommentaar oor die Johannes-evangelie ook die opmerking dat Johannes baie sterk klem wil plaas op Maria Magdalena se deelname. Ja, ons lees oor Johannes en Petrus wat ook na die graf gegaan het, en Johannes het gesien en geglo, maar hulle gaan na die graf omdat Maria hulle gaan vertel het die Here Jesus se liggaam is nie meer in die graf nie. En na sy beskrywing oor Petrus en Johannes se besoek aan die graf, keer Johannes terug na Maria Magdalena, en beskryf vir ons haar persoonlike ontmoeting met die Here Jesus. Trouens, dit blyk sy was die eerste persoon wat die Here Jesus na Sy opstanding gesien het. Johannes het oënskynlik voor haar tot geloof gekom, maar hy het geglo op grond van die leë graf en die linnedoeke. Daarteenoor het Maria oortuig geword van die Here Jesus se opstanding toe Hy haar persoonlik ontmoet het en met haar gepraat het.

  Dit is kosbaar om raak te sien hoe die Here Jesus Hom oor haar persoonlik ontferm. Vroeg die oggend, voor sonsopkoms, was sy al oppad. Sy wil by die Here Jesus wees – al is dit dan net by Sy afgestorwe liggaam. Duidelik het sy 'n baie spesiale verhouding met die Here Jesus

gehad. Maar dan is Sy liggaam nie meer in die graf nie. Dit ontstel haar – sy hardloop direk na Petrus en Johannes – hulle moet help. Wat nou? Later is sy weer by die graf. En sy huil. Waar is die Here Jesus? Sy wil by die engele weet, sy wil selfs by die Tuinier weet – waar is die Here Jesus? En dit is in hierdie ywerige volgehoue soeke van Maria, dat die Here Jesus aan haar die genade betoon, dat sy die eerste persoon mag wees om Hom na Sy opstanding te ontmoet. Dan mag sy daardie besondere woord hoor: "Maria!" Hy ken haar, Hy is lief vir haar, Hy ontferm oor haar – oor haar as individu. En asof dit nie al op sigself genoeg was nie, kry sy ook die opdrag om die heerlike boodskap van Sy opstanding en komende hemelvaart aan die dissipels te mag gaan meedeel. En die kosbare wat ons moet raaksien, is dat dit 'n prentjie is van hoe die Here Jesus elkeen wat die Vader vir Hom gegee het, ontmoet: Ons soek en soek, en dan maak Hy Homself aan ons bekend en roep ons op die naam.

Calvyn het al die opmerking gemaak dat dit veral verstommend is dat die Here Jesus eerste aan 'n vrou verskyn het, siende dat vroue nie hoog geag was in die samelewing van destyds nie. Natuurlik is dit nie hoe die Here Jesus oor vroue dink nie – daarom verskyn Hy eerste aan Maria Magdalena. Maar, sê Calvyn, die feit dat die Here Jesus eerste aan haar verskyn het, is 'n verdere bewys die Here Jesus het waarlik opgestaan. En die rede hoekom Calvyn dit sê, is die volgende: As die opstanding van die Here Jesus net 'n storie is wat deur iemand opgemaak is, sou daardie storiemaker nooit Maria Magdalena gebruik het as die persoon aan wie die Here Jesus eerste verskyn het nie – haar getuienis sou geen nut gehad het om sy storie geloofwaardig te maak nie – immers is sy 'n vrou, wie se getuienis nie eens erken sou word in 'n hof nie. Hoekom sou iemand dit in 'n storie wou insluit? Die feit dat die Here Jesus eerste aan Maria Magdalena verskyn het, onderstreep dus die feit dat Sy opstanding nie maar net 'n storie is wat deur iemand uitgedink is nie. Nee, Hy het waarlik opgestaan!

- **Die detail in Johannes se vertelling:** Daar is egter verskeie stukkies detail wat Johannes in sy vertelling van die opstandingsgebeure insluit, wat ons nie moet miskyk nie. Kyk na die volgende: Johannes vertel spesifiek dat die graf in 'n tuin was. Later dink Maria dat die Here Jesus die Tuinier van die tuin was. Verder, Johannes vertel spesifiek die gebeure begin toe dit nog donker was. Hy sê ook spesifiek dit was op die eerste dag van die week – hy kon ook ander terme gebruik het soos "op die derde dag na die kruisiging" – maar hy sê eerder "die eerste dag van die week". Ek is oortuig ons moet nog bietjie dieper krap oor wat hier gebeur.

  Laasweek het ons gesien Johannes herinner ons dat die Here Jesus se liggaam juis op die sabbatdag in die graf was. Dit het ons daaroor laat besin dat netsoos die Here God gerus het op die sabbatdag na Sy skeppingswerk afgehandel was, netso het die Here Jesus gerus op die sabbatdag na Sy verlossingswerk aan die kruis afgehandel was. Maar nou begin Johannes sy beskrywing van die opstandingsgebeure met die stelling dit het op die eerste dag van die week gebeur. Voeg hierby dat Johannes sy evangelie begin deur dit direk te verbind met Gen 1. Joh 1:1 sê: "In die begin", en Gen 1:1 sê ook: "In die begin". Johannes gaan dan verder in Joh 1 en sê: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die woord was God". Ons verstaan die "Woord" is die Here Jesus. In Joh 1:4-5 sê Johannes: "In Hom (dit is: In die Here Jesus) was lewe, en die lewe was die lig vir die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie". Die Here Jesus is dus die Lig, en wanneer Hy kom skyn Sy lig in die duisternis, maar die duisternis kon dit nie uitdoof nie. Dit herinner natuurlik direk aan Gen 1. Gen 1:1-5 beskryf dat God in die begin die hemel en die aarde geskep het. En na die aanvanklike skepping was die aarde woes, leeg en donker. Maar toe sê God: "Laat daar lig wees!" En daar was lig. En die lig was goed. En God het die lig dag genoem, en die donker het Hy nag genoem. Sien jy die ooreenkoms? In die begin, met die skepping, was

donker, en toe skep God lig – en die lig was goed. Dit was op die eerste dag dat God die lig geskep het. Johannes sê in Joh 1, netso was daar donker in die wêreld, maar toe kom die Here Jesus, en Hy is die lig, en die duisternis kon die Lig nie uitdoof nie. Natuurlik moet ons in die eerste plek fisiese lig in gedagte hê tydens die skeppingsgebeure. Maar die Here Jesus bring geestelike lig, in 'n geestelike donker wêreld.

Kom ons keer terug na Johannes se vertelling van die opstanding. In Joh 20:1 begin hy en sê dit was die eerste dag van die week. Dit herinner aan die begin – aan die eerste dag van die skeppingsweek. En dan sê hy, dit alles begin toe dit nog donker was! Op dag 1 van die skepping was dit donker – en toe skep God lig! In Joh 1 het Johannes geskryf die Here Jesus is die lig, en die duisternis kon dit nie verdryf nie. Nou sê Johannes in Joh 20 op daardie eerste dag van die week, was dit nog donker – en toe? Toe staan die Here Jesus op. En die lig skyn! Maria soek in die donker na die Here Jesus – en toe kom die Lig – nie net word dit fisies lig deurdat die son opkom nie, nee, die Here Jesus kom en sê: "Maria!" – Sy ontmoet die opgestane Here Jesus! En die donker, geestelike donker, verdwyn! Nie net Maria sien die lig nie – ook Johannes, en Petrus, en die Emmausgangers, en die dissipels, en Thomas – en tot vandag toe sien steeds meer en meer mense die Lig – die duisternis kan dit eenvoudig nie uitdoof nie!

Maar hier is nog meer om raak te sien. Die Here Jesus is in die tuin begrawe, en dit is ook in die tuin waar Hy opstaan. Dit is in die tuin wat Maria Magdalena die Here Jesus sien – eers dink sy Hy is die Tuinier, en dan verstaan Sy Hy is die opgestane Here Jesus. Maar dit alles herinner aan Gen 3. Adam en Eva woon in die tuin. Alles gaan oënskynlik goed, behalwe dat Adam en Eva naak was, en ook nie eers skaam nie – daaroor het ons 'n paar weke gelede besin. En toe val hulle in sonde: Eva swig eerste voor die versoeking van die duiwel, en daarna Adam ook. Hulle is gevolglik skaam, en kruip vir God weg. Lees Gen 3:8-9: "Hulle hoor toe die geluid van die Here God wat in die tuin rondstap in die middagkoelte. Die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. Die Here God het na die mens geroep en vir Hom gevra: 'Waar is jy?'" Hierna volg die beskrywing van die Here se oordeel, en dan sê verse 23-24 die Here God het die mens uit die tuin gedryf. Let op: Adam en Eva was in die tuin. Eva sondig eerste, en toe Adam. Die Here God kom in die middagkoelte, en vra: "Waar is jy?" Na Sy oordeel, stuur die Here God hulle uit die tuin uit – dit moes dus teen die einde van die dag gewees het – immers het God hulle teen die middagkoelte kom besoek. Toe kom die nag, en Adam en Eva eindig buite die tuin in die donker.

Sedert Gen 3 is die mensdom in die duister – geestelike duister, buite die tuin in die wêreld. Dit is ook waar Maria Magdalena begin: buite die tuin in die donker. Dit was besonder donker – ja, die Here Jesus het intussen gekom, maar laas Vrydagmiddag het Hy gesterf, en Sy liggaam is in die graf. Dis donker. Maar, vroegoggend, op daardie eerste dag van die week, terwyl dit nog donker was, gaan Maria na die graf – in die tuin. Dit word lig teen die tyd dat sy daar kom. Maar die graf is leeg. En al wat Maria kan vra, is: "Waar is Hy?" Almal moet volgens haar help om Hom te kry: Petrus, en Johannes, en die engele, selfs die Tuinier – Waar is Hy? Vergelyk dit met die tuin van Eden: Adam en Eva het weggekruip. Maria daarenteen soek. Die Here God het vir Adam en Eva gesoek en gevra: "Waar is jy?" Maria daarenteen vra: "Waar is Hy?" Geliefdes, sedert Gen 3 is dit die vraag: "Waar is Hy?" Dit is die vraag: Waar is die beloofde Messias? In Gen 3 het die Here God vir Adam en Eva gekry. En nou, nou kry die Here Jesus vir Maria. In Gen 3 het die Here God vir Adam en Eva vervolgens geoordeel ... maar ook aan hulle 'n belofte gegee. En nou kom die Here Jesus en

sê: "Maria!" – nie veroordelend nie, maar vol deernis en vol liefde. Die Lig het deurgebreek! Die Messias het opgestaan!

In Gen 3 het die Here God vervolgens vir Adam en Eva uit die tuin die wêreld ingestuur. En nou stuur die Here Jesus vir Maria ook uit die tuin uit. Maar daar is 'n reuse verskil: Sy het 'n heerlike boodskap om na die dissipels, en eventueel ook na die wêreld te vat: "Gaan na My broers en sê vir hulle, 'Ek vaar op na my Vader, en julle Vader, en na My God en julle God.'" Geliefdes, ek kan nie anders nie as om te wonder: Het die Here Jesus dalk eerste aan Maria Magdalena verskyn, omdat dit Eva was wat eerste gesondig het nie? Ja, Johannes het voor haar geglo – maar sy was die eerste persoon wat die opgestane Here Jesus gesien het, en sy word die geleentheid gegee om die heerlike boodskap aan Sy broers te gaan meedeel. Sien jy dit? In Gen 3 het Eva vir Adam die boodskap van dood gebring deur vir hom ook van die vrugte aan te bied, maar nou mag Maria Magdalena die boodskap van lewe na Sy broers bring!

As ek na dit alles kyk, is my gevolgtrekking eenvoudig: Die Here God het reeds met die skepping, en ook reeds met die sondeval, presies geweet hoe die opstandingsgebeure sou verloop. Ons het dus nog meer rede om seker te wees die Here Jesus het waarlik opgestaan.

<u>Afsluiting</u>

Ek wil afsluit en julle vertel van my persoonlike belewenis die afgelope Paasnaweek. Ons het pas verhuis na Pretoria, en is dus relatiewe nuwe lidmate in ons gemeente. Die gebruik in die gemeente is om die gebeure rakende die lyding van die Here Jesus deeglik te oordink. Gevolglik het die herdenking van die Paasgebeure reeds op Palmsondag, die Sondag voor die Paasnaweek, begin tydens beide eredienste. Toe kon ons onder andere die intog van die Here Jesus in Jerusalem in, herdenk. Maandag tot Woensdag het ons elke aand 'n byeenkoms gehad waar ons elke dag herinner is wat gedurende die lydingsweek op daardie spesifieke dag gebeur het. Dit is telkens aangevul met 'n dieper oordenking van 'n spesifieke gebeurtenis. Donderdagaand het ons 'n erediens gehad, ingeklee volgens die verloop van 'n tipiese Paasmaal. Ons het ook saam nagmaal gebruik – dit was immers op daardie Donderdagaand dat die Here Jesus die nagmaal ingestel het. Daarna het ons saam geëet. Vrydagoggend het ons 'n erediens gehad – vroeg – die erediens het reeds 9h00 geëindig – die tyd toe die Here Jesus gekruisig is – en ons is stil en verslae uiteen. Vrydagaand en Saterdagaand het ons weer byeenkomste gehad soos vroeër die week. En toe kom Sondag. Vroeg die oggend, op die eerste dag van die week, terwyl dit nog donker was, kom ons bymekaar buite die kerk. En terwyl dit besig is om lig te word, verlustig ons ons in die koms van die Lig deur die ontwikkelingslyn deur die Skrif oor die koms van die Lig, saam te lees en ook saam te sing. Later die oggend het ons 'n erediens – en die teks vir die preek? Natuurlik Joh 20 wat ons vandag oordink het! Dit was vir my die mees intense, emosionele, sinvolle en opbouende herdenking van die lyding, sterwe en opstanding van ons Here Jesus nog. En al wat ek kan sê, is: Prys die Here. Die Here Jesus het waarlik opgestaan!